*Vrydag* **22 Augustus**

**Skrifgedeelte: Esegiël 15**
**Fokusgedeelte: Esegiël 15:1-8**
**Wat is wingerdhout beter as kreupelhout?**

Die wingerdstok se hout is waardelose hout. Jy kan niks daaruit maak nie – geen meubels, beeldhouwerke of gereedskap nie. Die wingerdstok se hout is so verwring en verdraai dat dit geen nut het nie. Tog heg ons ’n besondere waarde aan die wingerdstok, want die vrugte van die wingerd is iets besonders. Die druiwe aan ’n wingerdstok maak dit ’n edel gewas. As ’n wingerdstok daarom geen druiwe voortbring nie, is dit vir die boer waardeloos. Al wat hy met so ’n wingerdstok kan doen, is om dit uit te kap en in die vuur te gooi.

As kinders van God nie goeie werke voortbring wat van hulle geloof spreek nie, is hulle vir God van geen waarde nie. Christene is gewoonlik baie besorg oor die onreg en sonde in die wêreld. Ons moet net so besorg wees oor ’n negatiewe en steriele Christendom. Ons verlossing het een groot doel: vrugte dra.

Christus neem hierdie metafoor van Esegiël verder en wys dat dit op Hom van toepassing is. Hy is die wynstok en ons die lote. Die lote wat in Hom bly, dra vrugte, maar die lote wat geen vrugte dra nie, word uitgesny en weggegooi om verbrand te word. Goeie werke is noodsaaklik. Christus werk dit in en deur die gelowige. So word sy genade juis in die wêreld ingedra.

Die kinders van God moet altyd onthou dat hulle in die wêreld is om die koninkryk van Christus te dien. Hulle is God se enigste beeld in die wêreld.

*Sing: Psalm 25-1:1*
*Ds. GC (Gideon) Coetzee(Standerton)*